Leer uit Gister, Leef vir Vandag, Werk vir Môre

Riebie Klanke

Jaargang 25 | Nommer 47 | 28 Oktober 2021
d6 Connect | www.riebie.co.za

UIT DIE HOOF SE PEN

Ask yourself, if what you are doing today
is getting you closer to where you want to be tomorrow.

PUBLIEKE VAKANSIEDAG: VERKIESING 1 NOVEMBER 2021

Ek herinner ouers dat die skool en die Naskoolsentrum op 1 November 2021 gesluit is, omrede die plaaslike verkiesing plaasvind. Die skool is weer op 2 November 2021 oop en sal voortgaan met die akademiese program.

DIE FINALE EKSAMEN BEGIN OOR 17 DAE ....

Die jaar lê byna op sy rug! Die meeste leerders, landwyd, gaan binne die volgende paar weke met hul finale eksamen vir 2021 begin. Dit is ‘n stresvolle tyd vir enige persoon, maar die regte ingesteldheid en benadering tot die eksamen kan ‘n groot verskil maak.

☆ **Die eksamen begin amptelik op 15 November 2021.**

Ons glo die leerders is reeds besig om ‘n goed-beplande studierooster te volg. Baie sterkte aan elke Riebie, ouer en personeellid, wat hierdie belangrike aspek met erns aanpak.

Onthou: As jy **baie** insit, kry jy **baie** terug!

Hoe kan ouers hulle kinders ondersteun en motiveer gedurende die eksamen?

☆ Moedig u kind aan om ‘n positiewe ingesteldheid teenoor leer te hê. Dit is belangrik dat u kind weet hulle beste is goed genoeg, maar dat u wel hulle beste verwag. Gee positiewe terugvoer so gereeld as moontlik om hulle selfbeeld op te bou en hulle gemotiveerd te hou.

☆ Moedig u kind aan om deur die kwartaal by te hou met opsommings. ‘n Goeie studiemetode kan help om hulle toe te rus om effektief te leer.

☆ Help u kind om hulle werk af te baken en help hom/haar om ‘n studierooster op te stel.

☆ Wees sensitief vir die tye van die dag wat hulle op hulle beste leer.

- ☆ Dit is belangrik dat hulle eienaarskap neem van hulle rooster – dit sal dit makliker maak vir hulle om daarby te hou. Moenie die rooster **vír** hulle opstel nie.

- ☆ Skep geleenthede in die rooster vir totale wegbreek van die studies vir ‘n paar ure – iets om na uit te sien!

- ☆ Maak seker dat u kind ‘n goeie studie-hoekie het, weg van afleidings.

- ☆ Probeer om onnodige onderbrekings te minimaliseer, sodat u kind maksimaal kan konsentreer.

- ☆ Maak seker dat u kind genoeg slaap en rus inkry, sowel as gesonde kos wat maklik en vinnig verteer, en ryk is aan vitamines. Probeer suiker en gemorskos vermy.

- ☆ Moedig u kind aan om gereeld water te drink en gereeld tydens hul blaaskanse te beweeg.

- ☆ Beperk toegang tot selfone, TV, rekenaars, tablette ensovoorts wanneer hulle leer.

- ☆ Probeer om ‘n balans te handhaaf tussen om te help waar nodig en om **vír** hulle te leer! Dit is belangrik om te onthou dat ‘n eksamen nie ‘n toets van geheue is nie, maar van leer.

Om leerders genoegsame tyd vir voorbereiding te gee, sal die hele skool vanaf 12 November 2021 om 12:00 sluit. GEEN leerder mag voor 12:00 afgehaal word nie. Die Naskoolsentrum sal vanaf 12:00 vir Naskoolleerders oop wees.

Let daarop dat addisionele studiesessies, met toesig, by die Naskoolsentrum vanaf 8 November 2021 beskikbaar is.

1ste Sessie	12:45 – 13:30	Verpligtend
2de Sessie	13:45 – 14:30	Opsioneel
3de Sessie	15:15 – 16:00	Opsioneel

Daar sal addisionele toesig tot en met 14:00 elke middag wees, vir leerders wat eers om 14:00 afgehaal kan word.

Punte-verwerking vir die finale verslag: Graad 4 – Graad 7
80% deurlopende assessering
20% eksamen vraestel

Hier volg ‘n paar wenke om te verseker u kind se eksamen verloop seepglad:

<u>Oefening</u>
Oefening hou jou nie net gesond en fiks nie, dit bevorder ook jou brein-funksie, deurdat die bloedsirkulasie na jou brein die hart en die res van die liggaam verbeter. Sorg dus dat jy tyd buite die huis, deel van jou studieplan maak.

Eet en drink
Almal behoort die dag met ‘n gesonde ontbyt te begin. Dit is nie moontlik om te presteer as jy met hongerpyne in ‘n studie- of assesserings-lokaal sit nie. Dit is ook baie belangrik om gehidreer te bly, veral in ons warm weer. Leerders moet gedurende die dag baie water drink en nie slegs wanneer hulle dors is nie.

Slaap
Die meeste tieners het sowat agt en ‘n half tot nege uur se slaap, elke nag, nodig. Dit is noodsaaklik dat leerders die regte hoeveelheid slaap in kry. Ten einde goed te slaap, moet leerders gereelde slaapgewoontes hê, soos om op ‘n bepaalde tyd te gaan slaap.

Tydsbestuur
Een van die belangrikste aspekte van assesserings-voorbereiding is effektiewe tydsbestuur. Dit werk die beste as jy ‘n studierooster opstel wat tyd vir studeer, maar ook vir vrye tyd insluit, soos om met jou maats te kuier, oefeninge te doen en jou stokperdjie te beoefen.

Goeie ingesteldheid en ondersteuning
Positiewe gedagtes en ‘n goeie algemene ingesteldheid laat jou ook assesserings-stres baasraak. Leerders en ouers moet bereikbare doelwitte stel.

Sterkte met die voorbereiding!

HARDE WERK WORD BELOON

Die afgelope tyd was daar ‘n miernes van bedrywighede op die buitemuurse front: Skaak, Kore, Revue en Atletiek....

Die skool se kore het aan die jaarlikse Sing in Harmonie kompetisie deelgeneem. Ons is werklik trots op elkeen van die personeel en ouers wat die leerders so pragtig ondersteun het! Die Junior- en Seniorkoor het pragtig gesing en ons sien uit na die optrede en uitslae wat in Februarie 2022 op kykNET uitgesaai sal word.

Die afgelope naweek het die atlete aan die jaarlikse Super 12 Atletiekbyeenkoms by LC de Villiers in Pretoria deelgeneem. Die atlete het nie minder as 6 rekords verbeter en individueel sowel as ‘n atletiekspan, pragtige prestasies behaal. Die Riebies het 3de uit 14 skole geëindig - Baie geluk !!!

Die skool se skaak leerders het aan ‘n Top Skole kompetisie deelgeneem en het hulle puik van hulle taak gekwyt - Baie geluk!

Ons is werklik trots op elkeen wat hard werk en elke oomblik geniet!

BOELIES

Dit is ‘n werklikheid dat geen skool gevrywaar is van boelies nie. Die media vandag maak ons baie attent op kinders en volwassenes uit alle oorde wat boeliegedrag openbaar.

Die skool het ‘n boelieprogram en leerders wat boeliegedrag openbaar word geïdentifiseer en die nodige hulp word voorgestel en verleen in samewerking met die kind/ers se ouers. Dit is ook ‘n realiteit dat ‘n insident (stampery of woordewisseling) tussen twee of meer kinders NIE bestempel kan word as boeliegedrag nie, maar dat indien die gedrag oor ‘n tydperk voortgaan die “gevaarligte” aangaan.

Ek maan ouers om nie elke kind wat ‘n geskil met ‘n maatjie het, as ‘n boelie te identifiseer nie.

Die skool doen alles in ons vermoë om ‘n veilige leeromgewing vir al ons leerders te skep.

Dankie vir u positiewe ondersteuning.

WAT IS ‘N BOELIE EN DIE PROSES VIR DIE AANMELDING VAN BOELIES

Wanneer iemand iets lelik sê of doen…
Dit is Lelik

Wanneer iemand aspris iets lelik sê of doen…
Dit is Mislik

Wanneer is iemand ‘n boelie?

Wanneer iemand herhaaldelik, aspris, iets lelik sê of doen, al vra jy dat hy of sy moet stop…

DIT IS ‘N BOELIE

Die protokol wat gevolg moet word om boelie-gedrag aan te meld:

1. Leerders wat gedurende skoolure geboelie word moet die boelie-gedrag by hul registeronderwyser gaan aanmeld.

2. Die registeronderwyser moet die boelie-gedrag in die Graad boelie-boek aanteken.

3. Leerders wat gedurende pouse, of gedurende sport- en/of kultuuraktiwiteite geboelie word, moet die boelie-gedrag by die personeellid wat op diens is, of by die sport- en/of kultuur-afrigter gaan aanmeld.

4. Die personeellid wat op diens is, of die sport- en/of kultuur-afrigter moet die boelie-gedrag in die Graad boelie-boek aanteken.

5. Wanneer ‘n leerder se naam meer as eenkeer in die boelie-boek verskyn, moet die Graadhoof die boelie-boek na Mev. A. Mulder (dogters) en Mnr. W. Bester (seuns) toe stuur.

6. Indien die boelie-gedrag ‘n baie ernstige geval is, sal dit onmiddellik deur personeel by Mev. A. Mulder of Mnr. Bester aangemeld word.

7. Boelie-gedrag word ondersoek. Verslae rakende die boelie-gedrag word of mondelings afgeneem (vir leerders in die Grondslagfase) of deur leerders (in die Intersenfase) self geskryf, en daarna word terugvoering aan die betrokke leerders se ouers gegee of indien nodig, word afsprake gemaak om die betrokke leerders se ouers te ontmoet.

8. Leerders word volgens die dissipline-stelsel gestraf.

Dit is baie moeilik om boelie-gedrag te hanteer indien dit nooit aangemeld of onder personeel se aandag gebring word nie.

ONTHOU DIE GOUE-MENSE-REËL: “Behandel ander soos jy behandel wil word.”

VAKANTE POS

ALGEMENE WERKER

‘n Tydelike vakante pos vir ‘n Algemene Werker is beskikbaar vanaf die 1ste Januarie 2022.

Mev. D. Chonco tree af einde Desember 2021. Indien u belangstel, e-pos asseblief u CV na Mev. Z. de Goede by vrp@riebie.co.za voor/teen 4 November 2021.

*** Indien kandidate nie binne 14 dae na die sluitingsdatum deur die skool gekontak word nie, is u aansoek onsuksesvol. Laat aansoeke sal ook nie in aanmerking geneem word nie.

Groete tot volgende week.....

V BOTHA – SKOOLHOOF

AKADEMIE

GRONDSLAGFASE MERIETE-ERKENNINGSOGGENDE

Die Meriete-erkenningsoggende sal **in die skoolsaal** as volg plaasvind:

Graad 3	:	09 November 2021	09:00 – 10:00
Graad 2	:	10 November 2021	09:00 – 10:00
Graad 1	:	11 November 2021	09:00 – 10:00

Elke leerder sal 'n uitnodiging, met al die nodige inligting ontvang.

SPORT

SKAAK

Die Riebies het 23 Oktober 2021 aan die Top Skole Skaak Kompetisie deelgeneem en puik presteer. Uitslae is soos volg:

O/9 Seuns	:	1ste Plek
O/11 Seuns	:	4de plek
O/11 Dogters	:	4de Plek

Die Riebies het 'n algehele 6de plek behaal ! Baie geluk !

ATLETIEK

Oefentye

Maandae – Donderdae 14:15 – 15:15 Middel-afstande & Naellope

RUGBY EN NETBAL

Oefentye

Maandae – Donderdae 15:15 – 16:15

Spesifieke dae wat verskillende ouderdomsgroepe oefen sal gekommunikeer word.

TENNIS

Oefentye

(Graad 4 – Graad 7 **seuns en dogters**)

Dinsdae en Donderdae 06:00 – 07:00

GHOLF

Die Super 12 Gholf sal op 5 November 2021 by Serengeti Gholfklub plaasvind. Die leerders wat aan die Super 12 gaan deelneem sal die nodige inligting ontvang.

ALGEMEEN

RIEBIE RAKKERS NASKOOLSENTRUM

Kontaknommers:

- Junior Naskoolsentrum: 076 515 5497
- Senior Naskoolsentrum: 082 265 4909

Vir enige navrae of klagtes, e-pos gerus vir Mev. T. Abrahams by teresa@riebie.co.za

HUISWERK-TOESIG TYDENS EKSAMEN: GRAAD 4 – GRAAD 7

1ste Sessie	12:45 – 13:30	Verpligtend
2de Sessie	13:45 – 14:30	Opsioneel
3de Sessie	15:15 – 16:00	Opsioneel

Indien leerders nie by die Riebie Rakkers Naskoolsentrum ingeskryf is nie, is ouers welkom om leerders as dagbesoekers na die toesigklas vir studie te stuur. Koste is R50.00 per dag per leerder.

NEEM KENNIS:

Die Naskoolsentrum sal op Maandag, 1 November 2021, (publieke vakansiedag - stemdag) gesluit wees.

SPYSKAART VIR DIE WEEK: 2 NOVEMBER 2021 – 5 NOVEMBER 2021

MAANDAG	PUBLIEKE VAKANSIEDAG: STEMDAG – 1 NOVEMBER 2021	
DINSDAG	MACARONI EN KAAS	BROODJIE & SAP
WOENSDAG	PAP EN WORS	VRUG / SAP
DONDERDAG	SPAGETTI BOLOGNAISSE	BROODJIE & SAP
VRYDAG	GEVULDE VETKOEK	SKYFIES / SAP & VRUG

*** Die spyskaart is onderhewig aan veranderings ***